

30 Mei

Lyding en beproewing

Skrifgedeelte: Matteus 26:36-46
Fokusgedeelte: Matteus 26:38-43

Jesus is in Getsémané in gebedsworsteling oor sy lydensbeker. Hierdie lydensbeker het te doen met die wil van sy Vader. Wat het die lydensbeker nie alles bevat nie? Die haat van Jode, die verraad van Judas, die verloëning deur Petrus. Maar ook die oordeel van God oor die sonde. Die lydensbeker was 'n oordeelsbeker. En dit uit die hand van sy Vader! Jesus kon alleen die oordeelsbeker drink omdat Hy waarlik God is!

Die Bybel praat veral op twee maniere oor die wil van God. Daar is *eerstens die wil van God se beskikking* wat ons nie vooruit kan ken nie en wat ons moet leer om te aanvaar. Dan is daar ook *God se wil van bevel* wat ons moet gehoorsaam: sy liefdeswet.

Kragtens die beskikkingswil moes Christus in die plek van die sondaar die oordeelsbeker drink (Ef 1:9, 10). Volgens hierdie beskikkingswil bepaal God ook ons lewensloop, ook ons lydensbekers. Ons lydensbekers is, goddank, nie oordeelsbekers nie! Hulle is beproewingsbekers! Ons moet daaruit leer dat ons Vader daarmee 'n hoëre doel het.

Hoe moet ons dit leer? Gaan in die gebed met hierdie bekere na jou Vader toe. Daar kry jy vrede!

Sing: Psalm 119:25 (1936-beryming)

Dr. B Duvenage (Emeritus)